DURBANVILLE SAKEKAMER BUSINESS

Your business community.

**Durbanville Sakekamer - Voorsittersverslag 2024**

Geagte Lede en Belanghebbendes,

Ek is verheug om die jaarverslag vir Durbanville Sakekamer aan te bied, waarin ons uitdagings, prestasies en toekomstige planne uitgelig word.

1. **Lidmaatskap en Groei:**
   - Alhoewel verskeie nuwe lede die afgelope jaar by ons organisasie aangesluit het, bly ledegetalle 'n bekommernis. Daar is krag in getalle, daarom sal lidmaatskapsgroei 'n fokusgebied bly in die komende jare.
   - Ons moedig lede aan om by hierdie poging te help en nie-lede uit te nooi om saam met ons Durbanville “GREAT” te maak.
2. **Funksies en Netwerkgeleenthede:**
   - Ons kwartaallikse funksies het waardevolle kontak en samewerking gefasiliteer. Netwerkkanse by hierdie geleenthede bly 'n prioriteit.
   - Die Februarie-funksie was 'n historiese hoogtepunt vir Durbanville Sakekamer, met 'n rekordgetal mense teenwoordig. Ten spyte van die uitdagings om dit in die Durbanville-stadsaal aan te bied, stem ons daarmee in om hierdie lokaal weer in die toekoms te gebruik.
   - Ons beplan ook ons eerste Vroue geleentheid vanjaar, met voorbereidings wat tans aan die gang is.
   - Opwindend genoeg sal ons weer ons vooraanstaande **Besigheidsleier van die Jaar** geleentheid aan die einde van 2024 aanbied. Hierdie geleentheid is laas in 2021 aangebied.
3. **Verbetering van die Besigheidsomgewing:**
   - Ons tree aktief en deurlopend in verbinding met plaaslike owerhede om die besigheidsklimaat in Durbanville te verbeter, waarby veiligheid van uiterste belang is.
   - Onlangs is 'n nuwe poging geloods by die Stad Kaapstad om 'n Stadsverbeteringsdistrik (CID) in die Durbanville sakekern te vestig.
   - Hierdie tweejaarproses behels die vestiging van CID-grense (onlangs voltooi), die opstel van 'n begroting, gevolg deur die betrekking van titelakte-eienaars vir ondersteuning. Ons hoop almal besef die voordele, veral met die uitdagings wat tydens en na COVID ondervind was, as voorbeeld, Baxterstraat.
   - Durbanville Sakekamer ondersteun hierdie projek ten volle, aangesien die CID veiligheid, netheid en algehele welstand vir besighede en inwoners sal bevorder. Ons wil ook al die betrokkenes bedank vir hul toewyding en tyd.
4. **Finansiële Stabiliteit:**
   - Ons finansies bly onder druk, en die Februarie-funksie het aansienlike uitgawes vir Durbanville Sakekamer meegebring. Nietemin beskou ons dit as 'n belegging in ons toekoms.
   - Ons waardeer die ondersteuning van ons borge en skenkers. Fondse is noodsaaklik om ander organisasies in nood te help en verskeie projekte ter bevordering van Durbanville te ondersteun.
   - Enige finansiële bydrae aan Durbanville Sakekamer sal hoogs waardeer word.
5. **Administrasie:**
   - Rochelle Smit het in Maart 2024 die rol van ons nuwe administrateur aanvaar.
   - Omdat administrasie die hart van ons organisasie is en die feit dat dit nie op standaard is nie, gee ons prioriteit aan die verbetering daarvan oor die volgende jaar.
   - Rochelle Smit se fokusareas sluit administrasie, lidmaatskapsgroei en kommunikasie in.

Met 'n oog op die toekoms bly ons toegewyd aan groei, samewerking en veiligheid in Durbanville. Dankie vir u toewyding aan ons gemeenskap. LET’S MAKE DURBANVILLE GREAT!

Pieter Koen Voorsitter,

Durbanville Sakekamer

Pieter Koen (Chariman), Andries Venter (Vice-Chairman), Tommy van Zyl (Treasurer), Johann Coetzee,
De Wet du Plessis, Sanette du Toit, Dennis Smit, Rochelle Smit(Administrator)
E-pos: info@durbanvillesakekamer.co.za / www.durbanvillesakekamer.co.za